*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**PRICE (GST included) 30c PRYS (AVB ingesluit)**
**ABROAD 40c BUITELANDS**
**POST FREE · POSVRY**

VOL. 217 CAPE TOWN, 13 JULY 1983 KAAPSTAD, 13 JULIE 1983 No. 8809

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1523. 13 July 1983

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 96 of 1983: Pension Laws Amendment Act, 1983.

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1523. 13 Julie 1983

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 96 van 1983: Wysigingswet op die Pensioenwette, 1983.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Members of Statutory Bodies Pension Act, 1969, so as to alter the rates for the calculation of annuities payable to a member or of a benefit and annuities payable to the widow of a member or pensioner; and to substitute certain obsolete designations; to amend the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, so as to provide for the payment of pensions and other benefits to the Administrator-General for the territory of South West Africa; to further regulate the right to elect that certain service be counted as pensionable service; to make different provision for the calculation of gratuities payable to members; and to delete or to substitute certain obsolete expressions and designations; to amend the Social Pensions Act, 1973, so as to further regulate the receipt and investigation of applications for social pensions; and to substitute certain obsolete designations and expressions; to amend the Military Pensions Act, 1976, so as to further regulate the payment of an annual pension to parents of certain deceased members; and to substitute a certain obsolete designation; to amend the General Pensions Act, 1979, so as to do away with the time limit for the institution of legal proceedings; to extend the provision relating to the payment of pension benefits to certain members of the staff of certain universities; and to substitute a certain obsolete designation; to provide for the continuation of certain provisions of the Children's Act, 1960; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 30 June 1983.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 94 of 1969.

**1.** Section 3 of the Members of Statutory Bodies Pension Act, 1969, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph *(b)* of subsection (1) of the following subparagraph:

"(ii) such annuity shall be calculated at the rate of 2,8 per cent of his final salary for each completed year of his service but not exceeding **[twenty]** 30 years;"; and

*(b)* by the substitution for paragraph *(c)* of the said subsection of the following paragraph:

"*(c)* an annuity calculated at the rate of three and one-third per cent of his final salary for each completed year of his service but not exceeding **[twenty]** 30 years.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Pensioenwet vir Lede van Statutêre Liggame, 1969, ten einde die skale vir die berekening van jaargelde wat aan 'n lid, of van 'n voordeel en jaargelde wat aan die weduwee van 'n lid of pensioentrekker, betaalbaar is, te verander; en sekere verouderde benamings te vervang; tot wysiging van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, ten einde voorsiening te maak vir die betaling van pensioene en ander voordele aan die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika; die reg om te kies dat sekere diens as pensioengewende diens getel word, verder te reël; ander voorsiening te maak vir die berekening van gratifikasies wat aan lede betaalbaar is; en sekere verouderde uitdrukkings en benamings te skrap of te vervang; tot wysiging van die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973, ten einde die ontvangs en ondersoek van aansoeke om maatskaplike pensioene verder te reël; en sekere verouderde benamings en uitdrukkings te vervang; tot wysiging van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, ten einde die betaling van 'n jaarlikse pensioen aan ouers van sekere afgestorwe lede verder te reël; en 'n sekere verouderde benaming te vervang; tot wysiging van die Algemene Pensioenwet, 1979, ten einde weg te doen met die tydsbeperking vir die instel van regsgedinge; die bepaling betreffende die betaling van pensioenvoordele aan sekere lede van die personeel van sekere universiteite uit te brei; en 'n sekere verouderde benaming te vervang; om voorsiening te maak vir die voortduring van sekere bepalings van die Kinderwet, 1960; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 30 Junie 1983.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** Artikel 3 van die Pensioenwet vir Lede van Statutêre Liggame, 1969, word hierby gewysig— Wysiging van artikel 3 van Wet 94 van 1969.

*(a)* deur subparagraaf (ii) van paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

,,(ii) sodanige jaargeld bereken word teen die skaal van 2,8 persent van sy finale salaris vir elke voltooide jaar van sy diens maar vir hoogstens **[twintig]** <u>30</u> jaar;''; en

*(b)* deur paragraaf *(c)* van genoemde subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(c)* 'n jaargeld bereken teen die skaal van drie en 'n derde persent van sy finale salaris vir elke voltooide jaar van sy diens maar vir hoogstens **[twintig]** <u>30</u> jaar.''.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Amendment of section 4 of Act 94 of 1969, as amended by section 3 of Act 100 of 1979.

**2.** Section 4 of the Members of Statutory Bodies Pension Act, 1969, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The widow of a member who dies in service may elect to receive a benefit equivalent to **[two-thirds]** three-fourths of any benefit to which such member would have been entitled under section 3, had he retired on the date of his death."; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) There shall be paid to the widow of any person who was in receipt of any annuity in terms of section 3, with effect from the first day of the month which immediately follows the month in which he dies an annuity in an amount equal to **[two-thirds]** three-fourths of the annuity which such person so received.".

Amendment of section 6 of Act 94 of 1969.

**3.** Section 6 of the Members of Statutory Bodies Pension Act, 1969, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words "Secretary for Social Welfare and Pensions", the words "Social Welfare and Pensions" and the word "Secretary" of the words "Director-General: Health and Welfare", the words "Health and Welfare" and the word "Director-General", respectively.

Amendment of section 1 of Act 81 of 1971, as amended by section 20 of Act 33 of 1974, section 4 of Act 77 of 1974, section 3 of Act 50 of 1975, section 1 of Act 49 of 1979 and section 7 of Act 100 of 1979.

**4.** (1) Section 1 of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the definition of "Administrator" of the following definition:

" 'Administrator' means the administrator of a province **[or the territory]** and includes the Administrator-General for the territory of South West Africa appointed under Proclamation No. 180 of 19 August 1977;";

*(b)* by the substitution in the said subsection for the definition of "applicable pensions ordinance" of the following definition:

" 'applicable pensions ordinance', in relation to any person who has been a member of a provincial council **[or of the Legislative Assembly of the territory]** or of an executive committee, means the pensions ordinance to which such person was subject prior to the date on which he became a member;";

*(c)* by the insertion in the said subsection after the definition of "Deputy Minister" of the following definition:

" 'Director-General' means the Director-General: Health and Welfare;";

*(d)* by the substitution in the said subsection for the definition of "executive committee" of the following definition:

" 'executive committee' means an executive committee referred to in section 76 of the Constitution Act **[or the executive committee referred to in section 2 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act No. 39 of 1968)]** or in any other law repealed by **[any of the said Acts]** that Act;";

*(e)* by the substitution in the said subsection for the definition of "member of an executive committee" of the following definition:

" 'member of an executive committee' does not include an administrator of a province **[or the territory]**;";

*(f)* by the substitution in the said subsection for the definition of "pensionable service" of the following definition:

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Wysiging van artikel 4 van Wet 94 van 1969, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 100 van 1979.

**2.** Artikel 4 van die Pensioenwet vir Lede van Statutêre Liggame, 1969, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(1) Die weduwee van 'n lid wat in diens sterf, kan kies om 'n voordeel te ontvang gelyk aan **[twee-derdes]** driekwart van 'n voordeel waarop sodanige lid kragtens artikel 3 geregtig sou gewees het as hy op die datum van sy dood afgetree het."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(2) Daar word aan die weduwee van 'n persoon wat ingevolge artikel 3 'n jaargeld ontvang het, met ingang van die eerste dag van die maand wat onmiddellik volg op die maand waarin hy te sterwe kom 'n jaargeld betaal van 'n bedrag gelyk aan **[twee-derdes]** driekwart van die jaargeld wat sodanige persoon aldus ontvang het.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 94 van 1969.

**3.** Artikel 6 van die Pensioenwet vir Lede van Statutêre Liggame, 1969, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde ,,Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene", die woorde ,,Volkswelsyn en Pensioene" en die woord ,,Sekretaris" deur onderskeidelik die woorde ,,Direkteur-generaal: Gesondheid en Welsyn", die woorde ,,Gesondheid en Welsyn" en die woord ,,Direkteur-generaal" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Wet 81 van 1971, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 33 van 1974, artikel 4 van Wet 77 van 1974, artikel 3 van Wet 50 van 1975, artikel 1 van Wet 49 van 1979 en artikel 7 van Wet 100 van 1979.

**4.** (1) Artikel 1 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die omskrywing van ,,Administrateur" deur die volgende omskrywing te vervang:

,, 'Administrateur' die administrateur van 'n provinsie **[of die gebied]** en ook die Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika kragtens Proklamasie No. 180 van 19 Augustus 1977 aangestel;";

*(b)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van ,,die gebied" te skrap;

*(c)* deur in genoemde subartikel paragrawe *(b)*, *(c)* en *(d)* van die omskrywing van ,,diens" deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

,,*(b)* met betrekking tot diens in die hoedanigheid van—

(i) Administrateur van 'n provinsie, diens soos deur die **[Sekretaris van Binnelandse Sake]** Direkteur-generaal: Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning gesertifiseer;

(ii) **[Administrateur van die gebied, diens soos deur die Sekretaris]** Administrateur-generaal vir die gebied Suidwes-Afrika kragtens Proklamasie No. 180 van 19 Augustus 1977 aangestel, diens soos deur die Sekretaris: Departement van die Eerste Minister gesertifiseer;

*(c)* met betrekking tot diens in 'n in artikel 10 (1) bedoelde amp, diens soos deur die **[Sekretaris van]** Direkteur-generaal: Buitelandse Sake en Inligting gesertifiseer;

*(d)* met betrekking tot diens as 'n kommissaris-generaal, diens soos deur die **[Sekretaris van Plurale Betrekkinge]** Direkteur-generaal: Samewerking en Ontwikkeling gesertifiseer; en";

*(d)* deur in genoemde subartikel na die omskrywing van ,,diens" die volgende omskrywing in te voeg:

,, 'Direkteur-generaal' die Direkteur-generaal: Gesondheid en Welsyn;";

*(e)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van ,,inkomstefonds" deur die volgende omskrywing te vervang:

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



" 'pensionable service' means service as a member and includes service deemed to be pensionable service in terms of this Act or any other Act of Parliament and service which has, by virtue of an election made in terms of section 3 (1) or (3) or 4A, become or again become pensionable service, but does not include service as a member by a person contemplated in section 4 who has failed to make an election in terms of that section;";

*(g)* by the substitution in the said subsection for the definition of "pensionable service under the applicable pensions ordinance" of the following definition:

" 'pensionable service under the applicable pensions ordinance' means service as a member of a provincial council **[or of the Legislative Assembly of the territory]** or of an executive committee, but does not include any such service before 1 October 1960, unless such last-mentioned service is pensionable service as defined in the relative pensions ordinance;";

*(h)* by the substitution in the said subsection for the definition of "pensions ordinance" of the following definition:

" 'pensions ordinance' means an ordinance made under the powers conferred on a provincial council by the Provincial Powers Extension Act, **[1960 (Act No. 42 of 1960) and includes the Legislative Assembly and Executive Committee Members' Pensions Ordinance, 1961 (Ordinance No. 29 of 1961), of the territory]** 1980 (Act No. 32 of 1980;";

*(i)* by the substitution in the said subsection for the definition of "revenue fund" of the following definition:

"'revenue fund' means the provincial revenue fund of the province concerned **[or the Territory Revenue Fund established under section 31 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act No. 39 of 1968), as the circumstances may require]**;";

*(j)* by the deletion in the said subsection of the definition of "Secretary";

*(k)* by the substitution in the said subsection for paragraphs *(b)*, *(c)* and *(d)* of the definition of "service" of the following paragraphs, respectively:

"*(b)* in relation to service in the capacity of—

(i) Administrator of a province, service as certified by the **[Secretary for the Interior]** Director-General: Constitutional Development and Planning;

(ii) **[Administrator of the territory, service as certified by the Secretary to]** Administrator-General for the territory of South West Africa appointed under Proclamation No. 180 of 19 August 1977, service as certified by the Secretary: Department of the Prime Minister;

*(c)* in relation to service in an office referred to in section 10 (1), service as certified by the **[Secretary for External]** Director-General: Foreign Affairs and Information;

*(d)* in relation to service as a commissioner-general, service as certified by the **[Secretary for Plural Relations]** Director-General: Co-operation and Development; and"; and

*(l)* by the deletion in the said subsection of the definition of "the territory".

(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 7 October 1980 and paragraph *(f)* of the said subsection shall be deemed to have come into operation on 1 August 1982.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



„ 'inkomstefonds' die provinsiale inkomstefonds van die betrokke provinsie **[of die Inkomstefonds van die gebied ingestel ingevolge artikel 31 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet No. 39 van 1968), na vereiste van die omstandighede]**;";

*(f)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van „lid van 'n uitvoerende komitee" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ 'lid van 'n uitvoerende komitee' nie ook 'n Administrateur van 'n provinsie **[of die gebied]** nie;";

*(g)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van „pensioengewende diens" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ 'pensioengewende diens' diens as 'n lid en ook diens wat ingevolge hierdie Wet of 'n ander Wet van die Parlement geag word pensioengewende diens te wees en diens wat, uit hoofde van 'n keuse gedoen ingevolge artikel 3 (1) of (3) <u>of 4A</u>, pensioengewende diens geword het of dit weer geword het, maar nie ook diens as 'n lid deur 'n persoon beoog in artikel 4 wat nie 'n keuse ingevolge daardie artikel gedoen het nie;";

*(h)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van „pensioengewende diens ingevolge die toepaslike pensioenordonnansie" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ 'pensioengewende diens ingevolge die toepaslike pensioenordonnansie' diens as 'n lid van 'n provinsiale raad **[of van die Wetgewende Vergadering van die gebied]** of van 'n uitvoerende komitee, maar nie ook enige sodanige diens voor 1 Oktober 1960 nie, tensy sodanige laasgenoemde diens pensioengewende diens is soos in die betrokke pensioenordonnansie omskryf;";

*(i)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van „pensioenordonnansie" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ 'pensioenordonnansie' 'n ordonnansie verorden ingevolge die bevoegdhede aan 'n provinsiale raad verleen by die Wet tot Uitbreiding van Provinsiale Bevoegdhede, **[1960 (Wet No. 42 van 1960) en ook die Ordonnansie op Pensioene aan Lede van die Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Komitee, 1961 (Ordonnansie No. 29 van 1961), van die gebied]** <u>1980 (Wet No. 32 van 1980)</u>;";

*(j)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van „Sekretaris" te skrap;

*(k)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van „toepaslike pensioenordonnansie" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ 'toepaslike pensioenordonnansie', met betrekking tot 'n persoon wat 'n lid van 'n provinsiale raad **[of van die Wetgewende Vergadering van die gebied]** of van 'n uitvoerende komitee was, die pensioenordonnansie waaraan dié persoon onderhewig was voor die datum waarop hy 'n lid geword het;"; en

*(l)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van „uitvoerende komitee" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ 'uitvoerende komitee' 'n uitvoerende komitee bedoel in artikel 76 van die Grondwet **[of die uitvoerende komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet No. 39 van 1968),]** of in 'n ander wet wat deur **[die een of ander van genoemde Wette]** <u>daardie Wet</u> herroep is;".

(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) word geag op 7 Oktober 1980, en paragraaf *(g)* van genoemde subartikel word geag op 1 Augustus 1982, in werking te getree het.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Amendment of section 4 of Act 81 of 1971, as amended by section 2 of Act 73 of 1973, section 6 of Act 77 of 1974 and section 3 of Act 49 of 1979.

**5.** Section 4 of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) *(a)* Any person who becomes a member on or after the fixed date and who, prior to the date on which he becomes such a member, was a member of a provincial council **[or of the Legislative Assembly of the territory]** or of an executive committee and was subject to a pensions ordinance, may elect in writing within ninety days of the date on which he has made and subscribed the oath or solemn declaration referred to in section 3 (1), to be subject to the provisions of this Act.

*(b)* Notwithstanding the provisions of paragraph *(a)*, any person who was a member of a provincial council **[or the Legislative Assembly of the territory]** or of an executive committee and was subject to a pensions ordinance and who, on the date immediately preceding the date of the promulgation of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Amendment Act, 1979, was a member who was not subject to the provisions of this Act, may elect in writing within ninety days from such date to be subject to the provisions of this Act.";

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If a member who has elected to be subject to the provisions of this Act or to any of the provisions of the amendment Act or of the Second Pensions Act was, at any time before the date on which he made such election, a member of a provincial council **[or of the Legislative Assembly of the territory]** or of an executive committee and subject to a pensions ordinance, half of any pensionable service under the applicable pensions ordinance and the whole period of service as a member (if any) which he had prior to the making of such election shall be deemed to be pensionable service in terms of this Act."; and

*(c)* by the deletion of subsection (7).

Insertion of section 4A in Act 81 of 1971.

**6.** (1) The following section is hereby inserted in the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, after section 4:

"Option to count service in the President's Council as pensionable service.

**4A.** (1) Any member who was a member of the President's Council and who has elected in terms of paragraph 2 of the Proclamation relating to the Pension Scheme for Members of the President's Council, 1980 (Proclamation No. R.63 of 1981) (hereinafter referred to as the Pension Proclamation), to be subject to the provisions thereof, may, within 90 days after he was called upon to do so by the Director-General, elect in writing to count as pensionable service any period of pensionable service as contemplated in that Proclamation which has not become or has not again become pensionable service for the purposes of this Act in terms of any other provision of this Act.

(2) If any member who has in terms of subsection (1) elected to count any period of service so referred to as pensionable service, was entitled to a pension under the Pension Proclamation on the date on which he became a member, such pension shall as from that date cease to be payable to him, and he shall refund to revenue any amount paid to him by way of such a pension in respect of any period as from the said date.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Wysiging van artikel 4 van Wet 81 van 1971, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 73 van 1973, artikel 6 van Wet 77 van 1974 en artikel 3 van Wet 49 van 1979.

**5.** Artikel 4 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) *(a)* 'n Persoon wat op of na die vasgestelde datum 'n lid word, en wat, voor die datum waarop hy so 'n lid word, 'n lid van 'n provinsiale raad **[of van die Wetgewende Vergadering van die gebied]** of van 'n uitvoerende komitee was en aan 'n pensioenordonnansie onderhewig was, kan binne negentig dae vanaf die datum waarop hy die in artikel 3 (1) bedoelde eed of plegtige verklaring afgelê en onderteken het, skriftelik kies om aan die bepalings van hierdie Wet onderhewig te wees.

*(b)* Ondanks die bepalings van paragraaf *(a)* kan iemand wat 'n lid van 'n provinsiale raad **[of die Wetgewende Vergadering van die gebied]** of van 'n uitvoerende komitee was en aan 'n pensioenordonnansie onderhewig was en wat op die dag onmiddellik voor die datum van die afkondiging van die Wysigingswet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1979, 'n lid was wat nie aan die bepalings van hierdie Wet onderhewig was nie, binne negentig dae vanaf daardie datum skriftelik kies om aan die bepalings van hierdie Wet onderhewig te wees.";

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Indien 'n lid wat gekies het om aan die bepalings van hierdie Wet of aan die een of ander bepaling van die Wysigingswet of van die Tweede Pensioenwet onderhewig te wees, te eniger tyd voor die datum waarop hy daardie keuse gedoen het, 'n lid van 'n provinsiale raad **[of van die Wetgewende Vergadering van die gebied]** of van 'n uitvoerende komitee was en aan 'n pensioenordonnansie onderhewig was, word die helfte van enige pensioengewende diens ingevolge die toepaslike pensioenordonnansie en die hele tydperk van diens as lid (as daar is) wat hy gehad het voor hy sodanige keuse gedoen het, geag pensioengewende diens ingevolge hierdie Wet te wees."; en

*(c)* deur subartikel (7) te skrap.

Invoeging van artikel 4A in Wet 81 van 1971.

**6.** (1) Die volgende artikel word hierby in die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, na artikel 4 ingevoeg:

„Keuse om diens in die Presidentsraad as pensioengewende diens te tel.

**4A.** (1) 'n Lid wat 'n lid van die Presidentsraad was en wat ingevolge paragraaf 2 van die Proklamasie op die Pensioenskema vir Lede van die Presidentsraad, 1980 (Proklamasie No. R.63 van 1981) (hieronder die Pensioenproklamasie genoem), gekies het om aan die bepalings daarvan onderworpe te wees, kan, binne 90 dae nadat hy deur die Direkteur-generaal aangesê is om dit te doen, skriftelik kies om 'n tydperk van pensioengewende diens soos in daardie Proklamasie beoog wat nie ingevolge 'n ander bepaling van hierdie Wet pensioengewende diens vir die doeleindes van hierdie Wet geword het of weer geword het nie, as pensioengewende diens te tel.

(2) Indien 'n lid wat ingevolge subartikel (1) gekies het om die aldus bedoelde tydperk van diens as pensioengewende diens te tel, op die datum waarop hy 'n lid geword het op 'n pensioen kragtens die Pensioenproklamasie geregtig was, hou dié pensioen vanaf daardie datum op om aan hom betaalbaar te wees, en moet hy 'n bedrag wat ten opsigte van 'n tydperk vanaf gemelde datum by wyse van so 'n pensioen aan hom betaal is, aan inkomste terugbetaal.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(3) Notwithstanding anything to the contrary in this Act contained, any member—

*(a)* who has in terms of subsection (1) of this section elected to count any period of service so referred to as pensionable service; and

*(b)* who was a chairman of a committee of the President's Council at any time before he so elected,

shall, for the purposes of section 9, be deemed to be a member who held the office of Minister for the period during which he was that chairman.

(4) Any gratuity paid to a member in terms of the Pension Proclamation in respect of a period of pensionable service referred to in subsection (1), shall be set off against any gratuity payable to any such member in terms of this Act.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 August 1982.

Amendment of section 6 of Act 81 of 1971, as amended by section 8 of Act 77 of 1974, section 4 of Act 49 of 1979 and section 2 of Act 97 of 1980.

**7.** Section 6 of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* a gratuity calculated in a manner or in accordance with **[the]** a formula determined by the State President and published in the *Gazette* **[—**

**E × F × G**

**in which formula—**

**(i) E represents his pensionable salary;**

**(ii) F represents 0,0672; and**

**(iii) G represents the period of his pensionable service as a member but not exceeding 15 years]**.".

Amendment of section 8 of Act 81 of 1971, as substituted by section 5 of Act 49 of 1979.

**8.** Section 8 of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Notwithstanding anything to the contrary in this Act or any other law contained but subject to the provisions of section 17A, there shall be payable to any member who occupied the office of Prime Minister **[and whose service as a member terminates at any time after 1 January 1979]** an annual pension equal to the highest annual salary of such member during the period of his service, and a gratuity **[equal to such salary]** calculated in a manner or in accordance with a formula determined by the State President and published in the *Gazette*.".

Amendment of section 9 of Act 81 of 1971, as amended by section 10 of Act 77 of 1974, section 6 of Act 49 of 1979 and section 1 of Act 81 of 1982.

**9.** Section 9 of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1A) of the following subsection:

"(1A) A member who has held an office referred to in subsection (1) **[and whose service as a member terminates on or after 1 January 1979]** shall, in addition to any other pension or benefit payable to him in terms of this Act, be entitled to a gratuity calculated in a manner or in accordance with **[the]** a formula determined by the State President and published in the *Gazette* **[—**

**(H − J) × K × L**

**in which formula—**

**(i) H represents the annual salary applicable to the office concerned at the time of the termination of the member's service as a member;**

**(ii) J represents the annual pensionable salary of the member;**

**(iii) K represents 0,087;**

**(iv) L represents the period for which such member served in the office concerned]**."; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet word 'n lid—

*(a)* wat ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel gekies het om die aldus bedoelde tydperk van diens as pensioengewende diens te tel; en

*(b)* wat te eniger tyd voordat hy aldus gekies het 'n voorsitter van 'n komitee van die Presidentsraad was,

by die toepassing van artikel 9 geag 'n lid te wees wat die amp van Minister beklee het vir die tydperk waartydens hy daardie voorsitter was.

(4) 'n Gratifikasie wat ingevolge die Pensioenproklamasie ten opsigte van 'n tydperk van pensioengewende diens in subartikel (1) bedoel aan 'n lid betaal is, word teen enige gratifikasie wat ingevolge hierdie Wet aan so 'n lid betaalbaar is, verreken.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Augustus 1982 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 6 van Wet 81 van 1971, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 77 van 1974, artikel 4 van Wet 49 van 1979 en artikel 2 van Wet 97 van 1980.

**7.** Artikel 6 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(b)* 'n gratifikasie betaalbaar wat bereken word op 'n wyse of ooreenkomstig **[die]** 'n formule wat die Staatspresident bepaal en wat in die *Staatskoerant* gepubliseer word **[—**

**E × F × G**

**bereken word, in welke formule—**

**(i) E sy pensioengewende salaris voorstel;**

**(ii) F 0,0672 voorstel; en**

**(iii) G die tydperk van sy pensioengewende diens as 'n lid, maar hoogstens 15 jaar, voorstel]**.".

Wysiging van artikel 8 van Wet 81 van 1971, soos vervang deur artikel 5 van Wet 49 van 1979.

**8.** Artikel 8 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet maar behoudens die bepalings van artikel 17A, is daar aan 'n lid wat die amp van Eerste Minister beklee het **[en wie se diens as lid te eniger tyd na 1 Januarie 1979 ten einde loop]** 'n jaarlikse pensioen wat gelykstaan met sodanige lid se hoogste jaarlikse salaris gedurende die tydperk van sy diens, en 'n gratifikasie wat **[met daardie salaris gelykstaan]** bereken word op 'n wyse of ooreenkomstig 'n formule wat die Staatspresident bepaal en wat in die *Staatskoerant* gepubliseer word, betaalbaar."

Wysiging van artikel 9 van Wet 81 van 1971, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 77 van 1974, artikel 6 van Wet 49 van 1979 en artikel 1 van Wet 81 van 1982.

**9.** Artikel 9 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1A) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(1A) 'n Lid wat 'n amp in subartikel (1) bedoel, beklee het **[en wie se diens as 'n lid op of na 1 Januarie 1979 ten einde loop]**, is, benewens 'n ander pensioen of voordeel wat ingevolge hierdie Wet aan hom betaalbaar is, geregtig op 'n gratifikasie wat bereken word op 'n wyse of ooreenkomstig **[die]** 'n formule wat die Staatspresident bepaal en wat in die *Staatskoerant* gepubliseer word **[—**

**(H − J) × K × L**

**in welke formule—**

**(i) H die jaarlikse salaris verbonde aan die betrokke amp ten tyde van die beëindiging van die lid se diens as 'n lid, voorstel;**

**(ii) J die jaarlikse pensioengewende salaris van die lid voorstel;**

**(iii) K 0,087 voorstel;**

**(iv) L die tydperk waarvoor sodanige lid die betrokke amp beklee het, voorstel]**."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



"(2) The aggregate of any pensions **[or of any gratuities]** payable in terms of this Act to any member referred to in subsection (1) shall not exceed the highest annual salary of the member during any period of his service.".

Repeal of section 25 of Act 81 of 1971.

**10.** Section 25 of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, is hereby repealed.

Substitution of certain designation in Act 81 of 1971.

**11.** Subject to the provisions of this Act, the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, is hereby amended by the substitution for the word "Secretary", wherever it occurs, of the word "Director-General".

Amendment of section 1 of Act 37 of 1973, as amended by section 15 of Act 77 of 1974.

**12.** Section 1 of the Social Pensions Act, 1973, is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of "blind person's pension" of the following definition:
"'Director-General, in relation to a power conferred or a function assigned by any provision of this Act, and in relation to persons belonging to any population group or class, means the head of the department of State administered by the Minister to whom the administration of that provision in relation to that power or function and in relation to those persons has been assigned in terms of section 18;";

*(b)* by the deletion of the definition of "district pension officer";

*(c)* by the substitution for the definition of "district surgeon" of the following definition:
"'district surgeon' means any medical practitioner registered as such under the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), who is in the service of—

*(a)* the State, including a provincial administration;

*(b)* an institution or body contemplated in section 84 (1) *(f)* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961); or

*(c)* if designated by the Minister for the purposes of this Act, a community council as defined in section 1 of the Community Councils Act, 1977 (Act No. 125 of 1977), or a local authority as defined in section 1 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982);"; and

*(d)* by the deletion of the definition of "Secretary".

Substitution of section 4 of Act 37 of 1973.

**13.** The following section is hereby substituted for section 4 of the Social Pensions Act, 1973:

"Application for social pension.

**4.** (1) Any person who claims a social pension shall apply to **[a district pension officer]** the Director-General on the form determined by the **[Secretary]** Director-General, and shall furnish **[such particulars and information]** in support of his application—

*(a)* such particulars and information as may be prescribed or as the **[district pension officer]** Director-General may require; and

*(b)* in the case of any person who applies for a social pension on the ground that he is a disabled person, a report of a district surgeon who has examined any such person in the prescribed manner.

(2) The Director-General shall, after such enquiry as he may consider necessary, consider the applica-

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



,,(2) Die totaal van enige pensioene **[of van gratifikasies]** betaalbaar ingevolge hierdie Wet aan 'n in subartikel (1) bedoelde lid bedra nie meer nie as die lid se hoogste jaarlikse salaris gedurende die tydperk van sy diens.".

Herroeping van artikel 25 van Wet 81 van 1971.

**10.** Artikel 25 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, word hierby herroep.

Vervanging van sekere benaming in Wet 81 van 1971.

**11.** Behoudens die bepalings van hierdie Wet word die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, hierby gewysig deur die woord ,,Sekretaris", oral waar dit voorkom, deur die woord ,,Direkteur-generaal" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Wet 37 van 1973, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 77 van 1974.

**12.** Artikel 1 van die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973, word hierby gewysig—

*(a)* deur na die omskrywing van ,,die gebied" die volgende omskrywing in te voeg:

,,'Direkteur-generaal', met betrekking tot 'n bevoegdheid verleen of 'n werksaamheid opgedra by die een of ander bepaling van hierdie Wet, en met betrekking tot persone wat tot die een of ander bevolkingsgroep of klas behoort, die hoof van die Staatsdepartement onder beheer van die Minister aan wie die uitvoering van daardie bepaling met betrekking tot daardie bevoegdheid of werksaamheid en met betrekking tot daardie persone ingevolge artikel 18 opgedra is;";

*(b)* deur die omskrywing van ,,distriksgeneesheer" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,'distriksgeneesheer' 'n geneesheer wat as sodanig kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), geregistreer is en wat in diens is van—

*(a)* die Staat, met inbegrip van 'n provinsiale administrasie;

*(b)* 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84 (1) *(f)* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961); of

*(c)* indien deur die Minister vir die doeleindes van hierdie Wet aangewys, 'n gemeenskapsraad soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet No. 125 van 1977), of 'n plaaslike bestuur soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982 (Wet No. 102 van 1982);";

*(c)* deur die omskrywing van ,,distrikspensioenbeampte" te skrap; en

*(d)* deur die omskrywing van ,,Sekretaris" te skrap.

Vervanging van artikel 4 van Wet 37 van 1973.

**13.** Artikel 4 van die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973, word hierby deur die volgende artikel vervang:

,,Aansoek om maatskaplike pensioen.

**4.** (1) Iemand wat op 'n maatskaplike pensioen aanspraak maak, doen by **['n distrikspensioenbeampte]** die Direkteur-generaal aansoek op die vorm deur die **[Sekretaris]** Direkteur-generaal bepaal, en verstrek ter stawing van sy aansoek—

*(a)* die besonderhede en inligting wat voorgeskryf word of wat die **[distrikspensioenbeampte]** Direkteur-generaal vereis; en

*(b)* in die geval van iemand wat om 'n maatskaplike pensioen aansoek doen op grond daarvan dat hy 'n ongeskikte persoon is, 'n verslag van 'n distriksgeneesheer wat so iemand op die voorgeskrewe wyse ondersoek het.

(2) Die Direkteur-generaal moet, na die ondersoek wat hy nodig ag, die aansoek tesame met bedoelde

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



tion together with such particulars and information and, in the case of an application referred to in paragraph *(b)* of subsection (1), the report so referred to, and shall, if he is satisfied that such a person is entitled to a social pension, determine the amount thereof.".

Repeal of section 12 of Act 37 of 1973.

**14.** Section 12 of the Social Pensions Act, 1973, is hereby repealed.

Substitution of section 13 of Act 37 of 1973.

**15.** The following section is hereby substituted for section 13 of the Social Pensions Act, 1973:

"Powers of Director-General as to the gathering of evidence.

**13.** (1) The **[Secretary or a district pension officer]** Director-General may take evidence for the purpose of enquiring into any matter falling within his functions relating to social pensions in terms of this Act, and for that purpose may subpoena witnesses, require the production of any book, record or document relevant to the enquiry, administer an oath or an affirmation to any witness and examine him, and examine any such book, record or document.

(2) A subpoena to appear before the **[Secretary or a district pension officer]** Director-General or to produce any book, record or document, shall correspond as nearly as practicable with the form prescribed for the purpose, shall be signed by the **[Secretary or the district pension officer in question]** Director-General, and shall be served on the person subpoenaed either by registered letter sent through the post or by delivery by a person authorized by the **[Secretary or the district pension officer]** Director-General so to serve it, or in the same manner as it would be served if it were a subpoena in a criminal case issued by a magistrate's court.

(3) Any person who, without lawful excuse (the onus of proving which shall be upon him) fails to attend at the time and place specified in a subpoena served upon him in terms of subsection (2), or to produce any book, record or document in terms of any such subpoena, or refuses to be sworn or to make an affirmation when called upon in terms of subsection (1) to do so, or when being examined in terms of that subsection refuses to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to him, shall be guilty of an offence: Provided that any person so subpoenaed shall be entitled to all the privileges to which a witness subpoenaed to give evidence before a provincial division of the Supreme Court is entitled.

(4) A witness who after having been duly sworn or having made an affirmation, gives false evidence before the **[Secretary or a district pension officer]** Director-general on any matter relevant to the enquiry, knowing such evidence to be false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed by law in respect of perjury.".

Substitution of certain designation in Act 37 of 1973.

**16.** Subject to the provisions of this Act, the Social Pensions Act, 1973, is hereby amended by the substitution for the word "Secretary", wherever it occurs, of the word "Director-General".

Amendment of section 1 of Act 84 of 1976, as amended by section 1 of Act 26 of 1977

**17.** Section 1 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended—

*(a)* by the insertion in subsection (1) after the definition of "dependant" of the following definition:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



besonderhede en inligting en, in die geval van 'n aansoek in paragraaf *(b)* van subartikel (1) bedoel, die aldus bedoelde verslag, oorweeg en, indien hy van oordeel is dat so iemand op 'n maatskaplike pensioen geregtig is, die bedrag daarvan bepaal.".

Herroeping van artikel 12 van Wet 37 van 1973.

**14.** Artikel 12 van die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973, word hierby herroep.

Vervanging van artikel 13 van Wet 37 van 1973.

**15.** Artikel 13 van die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973, word hierby deur die volgende artikel vervang:

,,Bevoegdheid van Direkteur-generaal om getuienis af te neem.

**13.** (1) Die **[Sekretaris of 'n distrikspensioenbeampte]** Direkteur-generaal kan getuienis afneem ten einde 'n aangeleentheid binne sy werksaamhede betreffende maatskaplike pensioene ingevolge hierdie Wet te ondersoek, en kan vir dié doel getuies dagvaar, oorlegging vereis van 'n boek, aantekening of dokument wat op die ondersoek betrekking het, 'n getuie 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging afneem, en hom ondervra, en so 'n boek, aantekening of dokument ondersoek.

(2) 'n Dagvaarding om voor die **[Sekretaris of 'n distrikspensioenbeampte]** Direkteur-generaal te verskyn, of om 'n boek, aantekening of dokument oor te lê, moet sover doenlik ooreenstem met die vorm vir die doel voorgeskryf, moet deur die **[Sekretaris of die betrokke distrikspensioenbeampte]** Direkteur-generaal onderteken word, en moet aan die gedagvaarde bestel word òf per aangetekende brief deur die pos versend òf deur aflewering deur iemand wat die **[Sekretaris of die distrikspensioenbeampte]** Direkteur-generaal gemagtig het om dit aldus te bestel òf op dieselfde wyse as wat dit bestel sou word indien dit 'n dagvaarding in 'n strafsaak uitgereik deur 'n landdroshof was.

(3) Iemand wat sonder wettige verontskuldiging (waarvan die bewyslas op hom rus) versuim om op die tyd en plek vermeld in 'n dagvaarding ingevolge subartikel (2) aan hom bestel, te verskyn, of om 'n boek, aantekening of dokument ooreenkomstig so 'n dagvaarding oor te lê, of weier om 'n eed af te lê of te bevestig wanneer hy ingevolge subartikel (1) daartoe aangesê word, of wat, wanneer hy ingevolge daardie subartikel ondervra word, weier om 'n wettig aan hom gestelde vraag volledig en op bevredigende wyse te beantwoord, is aan 'n misdryf skuldig: Met dien verstande dat 'n aldus gedagvaarde geregtig is op al die voorregte waarop 'n getuie geregtig is wat gedagvaar word om voor 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof getuienis af te lê.

(4) 'n Getuie wat, nadat hy behoorlik 'n eed of bevestiging afgelê het, valse getuienis voor die **[Sekretaris of 'n distrikspensioenbeampte]** Direkteur-generaal aflê oor 'n aangeleentheid wat by die ondersoek ter sake is, met die wete dat daardie getuienis vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat deur die reg ten opsigte van meineed voorgeskryf word.".

Vervanging van sekere benaming in Wet 37 van 1973.

**16.** Behoudens die bepalings van hierdie Wet word die Wet op Maatskaplike Pensioene, 1973, hierby gewysig deur die woord ,,Sekretaris", oral waar dit voorkom, deur die woord ,,Direkteur-generaal" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Wet 84 van 1976, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 26 van 1977

**17.** Artikel 1 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) na die omskrywing van ,,dienstydperk" die volgende omskrywing in te voeg:

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



and section 4 of Act 97 of 1980.

"'Director-General' means the Director-General: Health and Welfare;";

*(b)* by the substitution in the said subsection for the definition of "parent" of the following definition:

"'parent', in relation to a member, means his lawful parent or step-parent who, in the opinion of the **[Secretary]** Director-General was immediately prior to the member's death dependent mainly or partly on such member for his maintenance **[and includes any person who in the opinion of the Secretary is or was his foster parent and was immediately prior to the member's death dependent mainly on such member for his maintenance]**;"; and

*(c)* by the deletion in the said subsection of the definition of "Secretary".

Substitution of certain designations in Act 84 of 1976.

**18.** Subject to the provisions of this Act, the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended by the substitution for the words "Social Welfare and Pensions" and the word "Secretary", wherever it occurs, of the words "Health and Welfare" and the word "Director-General", respectively.

Repeal of section 6 of Act 29 of 1979.

**19.** Section 6 of the General Pensions Act, 1979, is hereby repealed.

Amendment of section 20 of Act 29 of 1979.

**20.** Section 20 of the General Pensions Act, 1979, is hereby amended by the substitution for paragraph *(d)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(d)* 'university' means a university established by the University of Fort Hare Act, 1969 (Act No. 40 of 1969), the University of Zululand Act, 1969 (Act No. 43 of 1969), the University of the North Act, 1969 (Act No. 47 of 1969), **[or]** the Medical University of Southern Africa Act, 1976 (Act No. 78 of 1976), or the Vista University Act, 1981 (Act No. 106 of 1981).".

Substitution of certain words in Act 29 of 1979.

**21.** Subject to the provisions of this Act, the General Pensions Act, 1979, is hereby amended by the substitution for the words "Health, Welfare and Pensions", wherever they occur, of the words "Health and Welfare".

Continuation of certain provisions of Act 33 of 1960.

**22.** Notwithstanding the repeal of the provisions of the Children's Act, 1960 (Act No. 33 of 1960), by section 63 of the Child Care Act, 1983, the provisions of sections 89 (1) *(c)* and 92 (1) *(k)* thereof shall, in relation to contributions towards the maintenance of any child by his parent, step-parent or guardian or of a parent, step-parent or guardian of any child, remain in force until a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Short title.

**23.** This Act shall be called the Pension Laws Amendment Act, 1983.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



,,,Direkteur-generaal' die Direkteur-generaal: Gesondheid en Welsyn;";

en artikel 4 van Wet 97 van 1980.

*(b)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van ,,ouer" deur die volgende omskrywing te vervang:

,,,ouer', met betrekking tot 'n lid, sy wettige ouer of stiefouer wat volgens die oordeel van die **[Sekretaris]** Direkteur-generaal onmiddellik voor die lid se afsterwe vir sy onderhoud hoofsaaklik of gedeeltelik van die lid afhanklik was **[en ook iemand wat volgens die oordeel van die Sekretaris sy pleegouer is of was en onmiddellik voor die lid se afsterwe vir sy onderhoud hoofsaaklik van die lid afhanklik was]**; en

*(c)* deur in genoemde subartikel die omskrywing van ,,Sekretaris" te skrap.

**18.** Behoudens die bepalings van hierdie Wet word die Wet op Militêre Pensioene, 1976, hierby gewysig deur die woorde ,,Volkswelsyn en Pensioene" en die woord ,,Sekretaris", oral waar dit voorkom, deur onderskeidelik die woorde ,,Gesondheid en Welsyn" en die woord ,,Direkteur-generaal" te vervang.

Vervanging van sekere benamings in Wet 84 van 1976.

**19.** Artikel 6 van die Algemene Pensioenwet, 1979, word hierby herroep.

Herroeping van artikel 6 van Wet 29 van 1979.

**20.** Artikel 20 van die Algemene Pensioenwet, 1979, word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 20 van Wet 29 van 1979.

"*(c)* ,universiteit' 'n universiteit ingestel by die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969 (Wet No. 40 van 1969), die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969 (Wet No. 43 van 1969), die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969 (Wet No. 47 van 1969), **[of]** die Wet op die Mediese Universiteit van Suider-Afrika, 1976 (Wet No. 78 van 1976), of die Wet op die Universiteit Vista, 1981 (Wet No. 106 van 1981);".

**21.** Behoudens die bepalings van hierdie Wet word die Algemene Pensioenwet, 1979, hierby gewysig deur die woorde ,,Gesondheid, Welsyn en Pensioene", oral waar hulle voorkom, deur die woorde ,,Gesondheid en Welsyn" te vervang.

Vervanging van sekere woorde in Wet 29 van 1979.

**22.** Ondanks die herroeping van die bepalings van die Kinderwet, 1960 (Wet No. 33 van 1960), deur artikel 63 van die Wet op Kindersorg, 1983, bly die bepalings van artikels 89 (1) *(c)* en 92 (1) *(k)* daarvan, met betrekking tot bydraes tot die onderhoud van 'n kind deur sy ouer, stiefouer of voog of van 'n ouer, stiefouer of voog van 'n kind, van krag tot 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Voortduring van sekere bepalings van Wet 33 van 1960.

**23.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1983.

Kort titel.